OMVANG VAN DIE VASTE VERVOERTOELAE

Werknemers kwalifiseer vir ‘n maandelikse vervoertoelae, sonder bewys van afstand afgelê, gebaseer op die volgende kilometerafstande:

Posvlak T 19 – T 25	Posvlak T 14 – T 18
1000 km	750 km

Die vervoertoelae vir die basiese ooreengekome afstand wat aan 'n werknemer toegeken word, word aan die werknemer betaal vir reise binne sy owerheidsgrense. Vir enige reise buite sy owerheidsgrense moet die werknemer vergoed word ooreenkomstig die goedgekeurde tarief vir totale loopkoste vir die werklike afstand afgelê tydens sodanige reise.

Sodanige werknermer op wie die Munisipaliteit die skema van toepassing maak, moet dus daagliks die tersaaklike privaatvervoer beskikbaar hê vir die uitvoering van amptelike pligte. Die betaling van 'n maandelikse vervoertoelae aan die onderskeie werknemers, is egter onderworpe aan die volgende voorwaardes, naamlik dat -

1. Geen amptelike vervoer aan sodanige werknemer verskaf word nie.
2. Huis-na-werk-ritte nie deel vorm van die toelae nie.
3. Daar voldoen word aan alle ander vereistes vervat in hierdie skema.

Vaste Vervoertoelaebetalings

Hierdie betaling verwys na die vaste bedrag wat maandeliks oorbetaal word aan die bekleërs van poste op posvlakke T14 – T25 op die personeeldiensstaat van die Munisipaliteit Siyancuma, onderhewig aan die voorwaardes soos vervat in hierdie skema. Die basis vir berekening en betaling is soos volg:

1. Die gespesifiseerde tarief vir die tersaaklike voertuig vir vaste koste asook brandstof en onderhoudskoste in die toepaslike AA-tabelle, wat deur SALGA voorsien word, vir voertuie wat 10 000 kilometer per jaar aflê. Met dien verstande dat die berekening beperk word tot die maksimum van 100% van die werknemer se bruto inkomste uitgesluit oortyd en vervoertoelaes.

2. Die vaste afstandperk aan die betrokke pos gekoppel.

3. Ten opsigte van amptelike ritte buite bovermelde perk, word slegs die voorgeskrewe totale loopkoste tarief (brandstof en onderhoudskoste) betaal.

4. Die vaste vervoertoelae bly betaalbaar nadat die voertuiglening afgelos is, mits die werknemer andersins daarvoor kwalifiseer.

Aanpassing en hersiening van Vervoertoelaetariewe

Die berekening van vervoertoelae word outomaties aangepas en gewysig volgens die toepaslike AA-tabelle soos deur SALGA voorsien. Die aanpassing en wysiging sal vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die aanpassingsmaand waarop SALGA sulke herberekende motoreienaarskapkoste publiseer, effektief word.

AA- TABELLE

Die volgende AA - tabelle word gebruik vir die berekking van u vervoertoelae:

TABEL : VASTEKOSTE PER MAAND	
AANKOOPWAARDE	**TARIEF**
tot 20 000	1-56
20 001 tot 30 000	1-88
30 001 tot 50 001	2-52
50 001 tot 70 000	3-14
70 001 tot 90 000	3-92
90 001 tot 110 000	4-70
110 001 tot 130 000	5-47
130 001 tot 150 000	6-25
150 001 tot 170 000	7-03
170 001 tot 200 000	8-20
200 001 tot 230 000	9-37
230 001 tot 260 000	10-54
260 001 tot 300 000	12-10

VOORGESTELDE VOERTUIGTOELAAG VIR DIE PERSONEEL VAN DIE INFRASTRUKTUUR DEPARTEMENT

Die personeellede in die Infrastruktuur Departement wat toegevoeg word tot die ontvang van ‘n voertuigtoelaag volgens die besluit van die Raad is :

Mnr. C. Fouche	posvlak 4
Mnr. C. Mpofu	posvlak 5
Mnr. W. Ellison	posvlak 5
Mnr. J. Korasie	posvlak 5
Mnr. J.H. Wellen	posvlak 5
Mnr. H. Trytsman	posvlak 5

Hierdie personeel reis gemiddeld 3000 kilometer per maand amptelik met hul voertuie en is die huidige toekenning van 650 - 550kilometer per maand onvoldoende vir die aankoop en instandhouding van die voertuie. ‘n Voorbeeld word asvolg hier getoon, naamlik:

Posvlak 5 Amptenaar se berekening :

Jaarlikse inkomste : R 121 516-84

Aankoopprys van ‘n Voetuig : R 130 222-00 (2005 Toyota 2000 LWB bakkie)

Maandelikse Paaiement oor 60 maande :	R 2 995-10
Maandelikse Versekeringspaaiement :	R 600-00
Brandstof en onderhoudskoste :	R 2 309-70
TOTAAL	R 5 904-80

Maandelikse Voertuigtoelae :

Vaste Komponent @ 550 km :	R 3 008-50
Brandstof en Onderhoud @ 550 km : R	423-45
Loopkoste @ 2450 km :	R 1 886-25
SUB TOTAAL	R 5 318-20
Minus 25% LBS	R 1 329-55
TOTAAL	R 3 988-65

Die voertuigtoelae dek nie die onkostes van die voertuiguitgawes nie en is daar ‘n verskil van R 1916-15.

VOORGESTELDE VOERTUIGTOELAAG :

Vaste Komponent @ 960 km :	R 5 251-20
Brandstof en Onderhoud @ 960 km : R	739-10
Loopkoste @ 2450 km :	R 1 886-26
SUB TOTAAL	R 7 876-56
Minus 25% LBS	R 1 969-14
TOTAAL	R 5 907-42